NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2021

BRON A **Dié is 'n uittreksel uit 'n joernaal genaamd *The Role of Non-Violent Action in the Downfall of Apartheid* deur Stephen Zunes, wat in 1999 geskryf is. Dit vergelyk die krag van regeringsmagte met dié van die weerstand.**

... Terwyl die gewapende stryd nooit 'n vlak bereik het wat die voortbestaan van die regime bedreig het nie, het die bedreiging van so 'n gewapende opstand moontlik 'n rol gespeel om 'n kompromie af te dwing. Tog ... het die regime duidelik die middele gehad om 'n suksesvolle opstand vir baie jare te verhoed*, terwyl die grotendeels nie-gewelddadige verset alreeds enorme ontwrigting in die bestaande orde veroorsaak het ... **(Paragraaf 1)**

... Wit Suid-Afrika het verreweg die magtigste militêre masjien op die vasteland gehad. Teen die vroeë tagtigerjare het Suid-Afrika 'n goed-opgeleide operasionele mag van 180 000 manskappe gehad, en met 'n reserwemag wat voortdurend aangevul is deur universele blanke diensplig*, kon byna 'n halfmiljoen troepe binne 'n paar uur gemobiliseer word ... Die Suid-Afrikaanse lugmag het oor meer as 875 vliegtuie beskik, insluitende meer as 500 vegvliegtuie en meer as 200 helikopters; die weermag het meer as 260 tenks, 1 300 gepantserde voertuie ... en 'n groot hoeveelheid selfaangedrewe medium en swaar artillerie gewere besit ... Die wapens van die bevrydings-bewegings ... was beperk tot klein, verouderde Westerse wapens en 'n beperkte voorraad beskeie Sowjet-hardeware. ... **(Paragraaf 2)**

... Die swart townships buite Suid-Afrikaanse stede is so ontwerp dat dit maklik afgesper kon word ... wat dit vir die weermag maklik gemaak het om enige gewapende opstand te onderdruk. Terwyl sommige ANC-leiers in die middel van die 1980's 'n 'volksoorlog' van massiewe gewapende verset binne die townships begin voorstaan het, was so 'n scenario nooit realisties nie ... daar was geen netwerk stegies waarin guerrillas hul agtervolgers kon afskud nie. Die swart townships is gebou as roosters, met wye deurgange, wat dit vir 'n guerrilla moeilik maak om skuiling te vind ... **(Paragraaf 3)**

... Die landswye tweedaagse algemene staking in 1984, die grootste van sy soort in die Suid-Afrikaanse geskiedenis op daardie stadium, het die regering vreesbevange gemaak, en baie waarnemers beskou dit, tesame met die regeringsaksie wat daarop gevolg het, as die begin van die finale onrusgolf wat die regime na die onderhandelingstafel gebring het ... Ongeveer 800 000 mense het geweier om werk toe te gaan en 400 000 studente het klasse geboikot. Die staking was meer as 80 persent effektief onder werkers van Vaal-townships wat beleër is en aan die Oos-Rand, waar swaar nywerhede en georganiseerde arbeid gekonsentreer is. Die SASOL (olie uit-steenkool) en YSKOR (yster en staal) semistaatsinstellings het tot stilstand gekom, ten spyte van dreigemente om werkers wat by die staking aangesluit het, af te dank. ... die wegbly-aksie was die suksesvolste in Suid-Afrika se geskiedenis. **(Paragraaf 4)**

Die gesamentlike krag van georganiseerde arbeid en die steun van die UDF-geaffilieerde organisasies het die regering 'n groot knou toegedien wat die politici ... en die weermag laat swaarkry het. Om hierdie uitdagings te probeer stuit, het die regering in 1985 'n noodtoestand afgekondig om die meningsverskil te beperk. ... Aanvanklik was die beperkings so omvattend* en die boetes so buitensporig dat dit die gewelddadige versetpogings belemmer* het ... Tog het die noodtoestand die nie-gewelddadige beweging nie verhoed om voort te gaan nie ... **(Paragraaf 5)**

[Aangepas van Stephen Zunes, 1999. *The Role of Non-Violent Action in the Downfall of Apartheid* in The Journal of Modern African Studies Vol. 37, No. 1 (Mar., 1999), pp. 137-169. Gepubliseer deur: Cambridge University Press: [AANLYN] by <https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/Non-violent%20action%20against%20apartheid,%20by%20Zumes.pdf >. Verkry 12 Januarie 2021]

*verhoed – om te voorkom dat iemand iets doen deur eerste op te tree
*dienspligtige – verpligte militêre diens
*omvattend – volledig, dek alle moontlike elemente
*belemmer – ingeperk, bemoeilik

IEB Copyright © 2021

BRON B **Dié is 'n uittreksel uit die boek *From Protest to Challenge*, Boek 6. Dit lewer kommentaar oor hoe die staat die media en die howe gebruik het om opstande in die 1980's te probeer beheer.**

Die mag van godsdienstige leiers om regeringsplanne te bevorder of te verydel*, was nog 'n oorweging wat Botha se veiligheidspesialiste besig gehou het ... met leierskap wat meer ingestel* was op swart probleme, het kerke versigtig verder beweeg as bloot die veroordeling van ongeregtigheid na oproepe tot spesifieke vorme van optrede, insluitende burgerlike ongehoorsaamheid, internasionale ekonomiese sanksies en weerstand teen verpligte militêre diensplig. Die SACC was aan die voorpunt van hierdie groeiende aktivisme ... Ten spyte van die regering se begeerte om negatiewe publisiteit te vermy ... het verbannings, deportasies, doodsdreigemente, aanhouding en selfs marteling van godsdiensleiers 'n kenmerk geword van die politieke samelewing in die 1980's ... 'n veldtog van verguising* is van stapel gestuur deur die publikasies en preke van regse godsdiensorganisasies ... **(Paragraaf 1)**

... Volgens die Botha-regering het die 'Totale aanslag' hervorming genoodsaak, maar die nasionale belang het ook beperkings* op die massamedia vereis ... Teen die vroeë 1980's het meer as honderd wette gereguleer wat joernaliste mag rapporteer ... na 1984 het maatreëls om koerante van die opposisie te intimideer en te muilband nuwe uiterstes bereik ... Sensasie in die media het internasionale kritiek miskien 'n bietjie gedemp, maar buitelandse druk vir ekonomiese sanksies het toegeneem ... **(Paragraaf 2)**

... Vir die Botha-regering het die howe 'n tweeledige rol vervul: Dit het gehelp om blanke heerskappy te handhaaf*, en ook om die Nasionale Party se agenda van politieke wettiging deur hervorming te bevorder ... die regering ... het die land se veelvuldige veiligheidswette hersien en gekonsolideer* tot 'n nuwe ... Wet op Binnelandse Veiligheid ... Toe agente van die ondergrondse ANC gearresteer is ... het die daaropvolgende politieke verhore ... die vyande van die regime as gewelddadig bestempel, hulle vir lang tye toegesluit of galg toe gestuur ... **(Paragraaf 3)**

[Aangepas van: *From Protest to Challenge* A Documentary History of African Politics in South Africa, 1882 – 1990. Book 6: Gail M. Gerhart and Clive L. Glaser. 2013. Jacana Media (p. 34 tot 38).]

*verydel – om iemand te verhoed om iets te bereik
*ingestel – bewus van
*verguising – om op 'n genadelose, neerhalende manier oor mense te skryf of praat, wat hul karakter aantas
*beperkings – inperkings of inperk
*handhaaf – om iets vir 'n lang tyd te laat voortduur
*gekonsolideer – om verskillende elemente tot 'n geheel saam te voeg

BRON C **Die volgende foto is in 1985 geneem. Suid-Afrikaanse polisie-beamptes verjaag 'n groep betogers van die United Democratic Front terwyl hulle na die Pollsmoor-gevangenis in Kaapstad optrek in 'n poging om politieke gevangenes te bevry.**

[Van Michael Neocosmos. 2020. *The Archive Part 1: People's to state politics* (Foto deur Gideon Mendel/ Corbis via Getty Images) [AANLYN] by <https://www.newframe.com/from-the-archive-part-one-peoples-politics-to-state-politics/>. Verkry op 12 Januarie 2021]

BRON D **Dié is 'n uittreksel uit 'n boek genaamd *Days of the Generals*. Dit beskryf die optrede van swart gemeenskappe teen die regering in die 1980's.**

... Dit ly geen twyfel dat die ANC daarin geslaag het om dinge warm te maak en die Suid-Afrikaanse regering se voete aan die brand te steek nie. Tussen September 1984 en Mei 1986 is 3477 private swart huise vernietig of erg beskadig, onderwys in nie-blanke gebiede het tot stilstand gekom, swart plaaslike owerhede het verbrokkel en 573 mense is in swart-op-swart geweld gedood, waaronder 295 wat deur die halssnoermetode verbrand is. ...

[Aangepas van Hilton Hamann. 2001. *Days of the Generals.* Zebra press. p. 128]

BRON E **Dié is 'n uittreksel uit 'n boek deur 'n voormalige Nasionale Party kabinetminister, Leon Wessels. Dit gee sy indrukke van die impak van geweld in die land.**

... Ons het daagliks die skrikwekkende geweld op die TV-skerms gesien. Enigiemand wat hierdie tonele van geweld, die brande, die betogende skares, gesien het, moes sekerlik besef dat die land op die rand van ineenstorting was. Die gewelddadige betogings het my baie gepla – ek het die indruk gekry dat die veiligheidsmagte nie in staat was om die massas te onderwerp en die onrus te beheer nie. Dit was duidelik dat ons politieke inisiatiewe nie vindingryk genoeg was om hierdie revolusie te stuit nie ...

[Aangepas van: Leon Wessels. 2020. *Encountering Apartheid's Ghosts*. Naledi. p. 162.]

IEB Copyright © 2021

BRON F **Hieronder is 'n 1985 plakkaat wat deur die Athlone Aksiekomitee geskep is. Athlone is 'n voorstad van Kaapstad. Athlone is onder die Groepsgebiedewet as 'n 'Kleurling'-gebied toegewys en was die plek waar 'n bloedbad van skoolkinders plaasgevind het. Hierdie plakkaat toon hoe troepe van die Suid-Afrikaanse weermag 'n tenk gebruik om die strate van 'n woonbuurt te patrolleer.**

[Beskikbaar by <https://www.saha.org.za/imagesofdefinace/mass_rally_state_of_emergency_consumer_boycott_schools.htm>. Verkry op 12 Januarie 2021]

BRON G **Dié is 'n uittreksel uit 'n boek deur John Pampallis, 'n historikus, skrywer en onderwyser. Dit beskryf die regering se taktiek om beheer te verkry oor die toenemende weerstand in Suid-Afrika in die 1980's.**

... Namate weerstand teen apartheid in Suid-Afrika toegeneem het, veral toe swart plaaslike owerhede in duie begin stort het en plaaslike magsinstellings ... hulself begin vestig het, het die regime besluit dat 'n meer onderdrukkende mag nodig was om sy gesag te probeer herstel. In Julie 1985 is 'n noodtoestand in baie dele van die land afgekondig ... Ondanks die aanhouding van meer as 8 000 mense en ander vorme van onderdrukking, was dit onsuksesvol om die weerstand te onderdruk* wat in hierdie periode verder toegeneem het. Die noodtoestand is vroeg in 1986 opgehef. Die regime het hom egter slegs voorberei op 'n kragtiger aanval op die beweging vir bevryding. Dit het in Junie 1986 in werking getree met die afkondiging van 'n nuwe, landwye noodtoestand ...

[Aangepas van Pampallis John. 1991. *Foundations of the New South Africa.* Zed Books. p. 286]

*onderdruk – om iets met geweld tot 'n einde te bring

BRON H **Dié is 'n uittreksel uit 'n boek oor Suid-Afrikaanse geskiedenis deur Anthea Jeffery, wat regeringsoptrede teen aktiviste bespreek en die impak daarvan op hulle.**

... Kort na die aanvang van die volksoorlog het die polisie aktiviste begin aankeer en hulle in afsondering* aangehou. Dit het egter min verskil aan die oproerigheid of die geweld gemaak. As sommige UDF-leiers op een of ander manier geneutraliseer* is, het ander aktiviste onmiddellik tot aksie oorgegaan en begin met skool-, bus- en verbruikersboikotte om teen die aanhouding te protesteer en druk op die regering te verhoog. Die polisie het spoedig met buitegeregtelike* teregstellings begin. In Mei 1985 is drie Pebco-aktiviste* ... deur die veiligheidsmagte ontvoer en ... ondervra, gemartel en vermoor ... Die moord op aktiviste het ook teen Pretoria geboemerang*... want hierdie sterftes is onvermydelik gevolg deur gepolitiseerde begrafnisse, wat verdere onrus, boikotte en wegblyaksies aangewakker het.

... Die UDF is deur die noodmaatreëls en die aanhouding van baie van sy aktiviste verswak. Die front het egter ook groot winste behaal ten koste van die regering ... alhoewel noodmaatreëls gehelp het om politieke geweld te verminder, in die lewensbelangrike stryd om legitimiteit, het die verklaring van 'n gedeeltelike noodtoestand die regering benadeel en die rewolusionêre alliansie onderskraag* ... Alhoewel daar min vooruitsig was dat die ANC 'n suksesvolle opstand* sou kon bewerkstellig, het die vlak van geweld in die land geleidelik verhoog ...

[Aangepas van: Anthea Jeffery. 2019. *People's War. New Light on the struggle for South Africa*. Johannesburg, Jonathan Ball Uitgewers., p. 94]

*afsondering – nie toegelaat om met enige iemand te praat nie
*geneutraliseer – om iemand uit te skakel om 'n effek te hê
*buitegeregtelike – onwettige, buite die hof
*Pebco-aktiviste – Die Pebco (Port Elizabeth Black Civic Organisation) Drie was swart Suid-Afrikaanse anti-apartheid aktiviste – Sipho Hashe, Champion Galela, en Qaqawuli Godolozi
*geboemerang – het 'n nadelige gevolg in plaas van 'n goeie beoogde een gehad
*onderskraag – om te ondersteun
*opstand – gewelddadige oproer teen 'n regering

IEB Copyright © 2021